# NADER Reeks

## EK KAN NIE — Week 1

*Die pad na intimiteit met God begin by afhanklikheid*

### 1. DIE PROBLEEM: ONS DINK ONS KAN SONDER HOM LEWE

Ons grootste probleem is nie dat God ver is nie, maar dat ons dink ons kan sonder Hom klaarkom.

**“Die probleem is nie dat God ver is nie; die probleem is dat ons dink ons kan sonder Hom klaarkom.”**

Die Christelike lewe begin nie met prestasie nie, maar met afhanklikheid.

**“Die Christelike lewe begin nie met wat ek vir God kan doen nie, maar met wat ek sonder Hom nie kan doen nie.”**

### 2. JESUS SE BEGINPUNT: ARM VAN GEES

**Matteus 5:3 (AOV)** “Geseënd is dié wat arm van gees is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.”

**Matteus 5:3 (NLV)** “Gelukkig is dié mense wat weet hoe nodig hulle God het…”

**Matteus 5:3 (AMP)** “…the humble, who rate themselves insignificant…”

- Arm van gees = om te weet ek het God nodig
- Nie swak selfbeeld nie, maar **geestelike bankrotskap**
- Nie “Ek kan nie genoeg nie”, maar **“Ek kan nie sonder Hom nie”**

**“God word nie aangetrek deur selfgenoegsaamheid nie, maar deur afhanklikheid.”**

### 3. DIE OORSPRONG VAN ONS STRYD: ONAFHANKLIKHEID

**Genesis 2:16–17; Genesis 3:5**

Die eerste sonde was nie net ongehoorsaamheid nie, maar onafhanklikheid van God.

**“Die oorspronklike sonde was nie net ongehoorsaamheid nie; dit was onafhanklikheid.”**

Die slang se versoeking: “Julle sal soos God wees…”

- Sonde begin waar ek self op die troon sit
- “Ek sal self besluit”
- “Ek het nie God nodig nie”

### 4. ONAFHANKLIKHEID IN ONS LEWE VANDAG

Ons leef in ’n wêreld wat selfstandigheid aanbid:

- Staan op jou eie bene
- Moenie hulp vra nie
- Maak dit self

Selfs geestelik:

- “Ek sal harder probeer”
- “Ek sal myself regmaak”
- “Ek sal beter word”

**“Die grootste vyand van geloof is soms nie twyfel nie, maar selfvertroue.”**

## 5. DIE GEVOLG VAN ONAFHANKLIKHEID

**Galasiërs 5:19–21 (Message)**

Wanneer mense hul eie sin volg, ontstaan:

Gebroke verhoudings, verslawings, leegheid, geestelike chaos, eensaamheid, onbeheerste begeertes

**"Die lewe van selfgerigtheid lei altyd tot leegheid."**

## 6. GOD SE WAARSKUWING TEEN SELFGENOEGSAAMHEID

**Openbaring 3:17** "Julle dink julle is ryk… maar julle besef nie hoe arm julle is nie."

"Geestelike blindheid sê: Ek het nie God nodig nie."

## 7. DIE EVANGELIE BEGIN BY: "EK KAN NIE"

**"Die reis na intimiteit met God begin wanneer ek eerlik sê: Ek kan nie."**

- Nie vir die sterkes nie
- Nie vir die selfregmakers nie
- Maar vir dié wat afhanklik is

## 8. JESUS SE UITNODIGING: DIEP AFHANKLIKHEID

**Johannes 15:5** "Sonder My kan julle niks doen nie."

Nie:

- min dinge nie, moeilike dinge nie, sommige dinge nie, maar: **"Niks."**

## 9. DIE KONINKRYK BEGIN WAAR ONAFHANKLIKHEID EINDIG

**Jakobus 4:6** "God weerstaan die hoogmoediges, maar gee genade aan die nederiges."

- Genade vloei na afhanklikes
- Selfgenoegsaamheid sluit die deur
- Nederigheid maak die deur oop

**"Die Koninkryk behoort aan dié wat weet hulle kan nie."**

## 10. ARM VAN GEES = DIE PUNT VAN ONTMOETING MET GOD

Dit beteken nie:

- swakheid van karakter
- minderwaardigheid
- gebrek aan talent

Dit beteken: **"Ek het niks om God mee te beïndruk nie."**

**Jesaja 64:6** "Ons beste dade is soos besoedelde klere."

## 11. DIE OMKEERPUNT VAN DIE EVANGELIE

**"Die evangelie begin waar selfvertroue eindig."**

- God vul nie vol mense nie
- Hy vul leë hande
- Hy werk in afhanklikheid

## 12. VRUG VAN DIE GEES KOM UIT NABYHEID

**Galasiërs 5:22–23**

Vrug kom nie deur harder probeer nie, maar deur nader leef:

- Liefde, vreugde, vrede, Geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing

**“Vrug is die resultaat van verhouding, nie prestasie nie.”**

## 13. PRAKTIES VIR DIE WEEK

Vra jouself daagliks:

- Waar probeer ek alleen leef?
- Waar probeer ek myself red?
- Waar moet ek sê: “Here, ek kan nie”?

Begin elke dag: **“Here, ek kan nie. Maar U kan.”**

## 14. SLOTWAARHEID

**2 Korintiërs 12:10** “Wanneer ek swak is, juis dán is ek sterk.”

**“God kan meer doen met jou oorgawe as met jou beheer.”**

**Die pad na God se Koninkryk begin nie by selfverbetering nie, maar by eerlike afhanklikheid: Ek kan nie sonder U nie.**